Ds Snyman

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PLAASBESTUUR VAN VALSFONTEIN WAT GEHOU IS OP 1 MEI 1978 IN DIE SINODALE SENTRUM

1. TEENWOORDIG

Ds D.S. Snyman Voorsitter
Mnr C.R.P. Jacobs
Ds J.L. Pretorius Sekretaris

2. OPENING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges en open die vergadering met 'n gebed.

3. NOTULE

Die notule van die vergadering van 29 April 1975 is goedgekeur.

4. BEPLANNING VAN PLAAS

'n Tentatiewe plan vir die verbetering van die plaas wat deur die voorligtingsbeampte en mnr Jacobs opgetrek is, word deur die vergadering bespreek. Aangesien subsidies vir plaasbeplanning grootliks verminder is en die verwagte uitgawe vir die uitvoering van die tentatiewe plan op ongeveer R6000 beraam word, besluit die vergadering om nie daarmee voort te gaan nie.

5. AFKAP VAN BOME

Mnr Jacobs rapporteer dat bome wat die werking van een van die windpompe gehinder het, afgekap is.

6. UITTREK VAN PYPE UIT BOORGAT

Die versoek aan die huurder om die pype uit te trek vir een van die boorgate van 'n windpomp wat nie gebruik word nie, is uitgevoer. Die huurder het bevind dat die boorgat vanweë die ingroei van boomwortels onbruikbaar geword het. Die vergadering besluit dat aangesien die windpomp nie nodig is nie, die verhuurder versoek word om 'n opgawe van die pype, stange, silinder ens. te maak en dit te stoor. Verder dat die windpomp gerem moet word om dit teen beskadiging te beskerm.

7. SKOONMAAK VAN WATERVORE

Mnr Jacobs deel mee en die vergadering neem kennis dat die watervore in orde is.

8. SKIET VAN SPRINGBOKKE

Mnr Jacobs rapporteer dat daar ongeveer 32 springbokke op die plaas is. Die bestuur besluit om nie vanjaar bokke te laat skiet nie.

9. GROOT WINDPOMP

Die besluit van die vorige vergadering om die groot windpomp te verkoop geniet verder aandag en die besluit om dit te verkoop indien 'n voordelige verkoopsom verkry kan word, word herbevestig.

10. MATTE, LYNDRADE EN MOTORHEK

Die vergadering verneem by monde van mnr Jacobs met groot dankbaarheid dat die huurder sekere matte en lyndrade herstel het asook die motorhek in orde gebring het.

11. PLAAS INSPEKSIE

Mnr Jacobs deel mee en die vergadering neem kennis, dat tydens sy laaste besoek aan

die plaas by die veld in 'n redelik goeie toestand gevind het. Die huurder het bykomende lusern gevestig.

12. VERHUUR VAN DIE PLAAS

Aangesien die verhuur van die plaas op 30 September verstryk besluit die vergadering om op dieselfde voorwaardes as in die verlede die plaas aan die huidige huurder te verhuur, maar dat die huurgeld verhoog word tot R3500 per jaar. Indien die huidige huurder hierdie aanbod nie aanvaar nie, moet 'n vergadering belê word om oor die moontlike tender van die plaas te besluit.

13. AFSLUITING

Hiermee bedank die Voorsitter die aanwesiges vir hul deelname aan die vergadering en sluit hy die vergadering af.

VOORSITTER ----------

SEKRETARIS ----------

DATUM ----------